

# Wat ons van *fok* weet (en nie weet nie)

Gerhard B. van Huyssteen

---

Gerhard B. van Huyssteen, Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT),  
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

---

## Opsomming

Die oorhoofse doel van hierdie artikel is om 'n eksemplariese opsomming te gee van die bestaande taalkundige beskrywings en leksikografiese bewerkings van hedendaagse *fok* en ander vormlik verwante woorde (soos *befok*, *fokken*, *fokkol* en *opfok*). Die artikel se spesifieke doelwitte is om (1) 'n konstruksienetwerk van die *fok*-familie op te stel wat as hipotese vir verdere navorsing kan dien; en (2) 'n navorsingsagenda vir sodanige verdere navorsing oor *fok* (maar ook ander Afrikaanse vloekkonstruksies) te formuleer. Twee wetenskaplike publikasies, te wete Feinauer (1981) en Dekker (1991), en nege Afrikaanse verklarende woordeboeke wat sedert 1991 verskyn het, dien as bronne om 'n samehangende prentjie van ons bestaande kennis oor *fok* te verkry. Een van die belangrikste gevolgtrekkings is dat kwantitatiewe data nodig is om die standpunte, beskrywings en gevolgtrekkings in dié publikasies te verifieer. Die artikel sluit af met die standpunt dat kennis oor en begrip van vloekkonstruksies en ander taaltaboos soos *fok* kan bydra tot insigte in die menslike brein, verstand en psige, die mens se interaksie met ander mense en artefakte (soos rekenaars, literatuur, wetgewing, ens.), asook taalgebruik en taalverandering. Sulke insigte kan verkry word deur gebruiks- en gebruikersgebaseerde navorsing in die beskrywende taalkunde (spesifiek korpusgebaseerde/-gedrewe, konstruksiegebaseerde beskrywings), die toegepaste taalkunde (spesifiek die sosiolinguistiek, rekenaarlinguistiek, psigolinguistiek en neurolinguistiek), en verskeie dissiplines in die kognitiewe neurowetenskappe.

**Trefwoorde:** etimologie; konstruksiegrammatika; leksikografie; plat; vloek; vulgêr

## Abstract

### What we (don't) know about *fok*

The purpose of this article is to give an exemplary summary of the existing linguistic descriptions and lexicographic treatments of the contemporary Afrikaans *fok* (“fuck”), and other related words, such as *befok* (fucking A), *fokken* (fucking), *fokkol* (fuck-all), and *opfok* (to fuck up), with a view to formulating a research agenda for Afrikaans swearword research. The article is based on research in the project “What the swearword: Multidisciplinary research on language taboos”.

Two scientific publications, namely Feinauer (1981) and Dekker (1991), and nine Afrikaans monolingual dictionaries that have appeared since 1991 serve as data to sketch a coherent picture of our existing knowledge about *fok*. Using these sources, all our existing knowledge about *fok* is extracted and systematically presented in terms of: (1) etymology; (2) part-of-speech distribution; (3) phonetic and phonological aspects; (4) morphological constructions; (5) syntactic constructions; (6) semantic aspects; and (7) pragmatic aspects.

Based on corroborating evidence from Google Books Ngram Viewer, the conclusion is drawn that *fok* has indeed developed under influence from English *fuck* (as has been argued by some scholars and dictionaries before), rather than from Dutch *fokken*. Morphological and syntactic constructions that emerge from these data sources are also formalised, and then presented as a detailed, summative construction network. One of the conclusions is that quantitative data are needed to verify the views, descriptions, and conclusions of these sources (i.e., to verify the construction network with usage data), since none of them is based on corpus or other empirical data.

The article concludes with the view that knowledge about and understanding of swearword constructions and other language taboos can contribute to insights into the human brain, mind, and psyche; human interaction with other people and artefacts (such as computers, literature, legislation, etc.); as well as language usage and language change. Such insights can be gained through usage- and user-based research in descriptive linguistics (specifically corpus-based/-driven, construction-based descriptions); applied linguistics (specifically sociolinguistics, computational linguistics, psycholinguistics, and neurolinguistics); and various disciplines in the cognitive neurosciences.

**Keywords:** construction grammar; etymology; lexicography; profanity; swearing; vulgar

## 1. Inleiding

Vir baie jare al sirkuleer daar via e-pos en sosiale media twee populêre tekste wat die taalkundige lof van die vloekwoord<sup>1</sup> *fok* besing. Beide tekste is duidelik vir vermaaklikheidsdoeleindes geskrywe en nie met die oog op taalkundige korrektheid nie. (Vir doeleindes van bewaring en rekordhouding word die tekste as bylaes hierby ingesluit.) Wie behoorlike taalkundige beskrywings van *fok* wil hê, is op twee akademiese bronne aangewese, te wete Feinauer (1981) en Dekker (1991). Daarnaas is daar taalkundige inligting vervat in ’n aantal woordeboeke wat ná Dekker (1991) verskyn het. Dit is in teenstelling met ’n beduidende aantal

Engelse publikasies wat eksklusief oor die Engelse *fuck* verskyn het (Lass 1995; McEnery en Xiao 2004; Murphy 2009; Sheidlower 2009; Lodge 2013; McCulloch 2014).

Omvattende beskrywings van *fok* is van kardinale belang in die beskrywing van die vloekkonstruktikon (Van Huyssteen 2021a) van Afrikaans. *Fok* is nie net die prototipiese Afrikaanse taboewoord nie, maar is ook die basis van tien ander konstruksies onder die top 50 prototipiese vloekkonstruksies, te wete (in alfabetiese volgorde) *befok*, *flippen*, *fokken*, *fokker*, *fokkit*, *fokkof*,<sup>2</sup> *fokkol*, *fokkop*, *fok tog* en *fuck* (Van der Merwe 2022). Gegewe hierdie sentrale posisie van *fok*, asook die feit dat *fok* en sy familie van konstruksies (voorts “die *fok*-familie”) allerlei interessante taalkundige verskynsels betrek, noodsaak dit ’n omvattende beskrywing van dié konstruksiefamilie. Dit is boonop belangrik dat sodanige beskrywing van tyd tot tyd bygewerk word, aangesien die gebruik van vloekkonstruksies dikwels aan die voorpunt van (kreatiewe) taalverandering is. (Kyk McEnery en Xiao 2004 vir soortgelyke standpunte oor die Engelse *fuck*.)

Die oorhoofse doel van hierdie artikel is om ’n opsomming te gee van die bestaande taalkundige beskrywings en leksikografiese bewerkings van hedendaagse *fok* en ander vormlik verwante woorde (soos *befok*, *fokken*, *fokkol* en *opfok*). Só ’n opsomming lê twee spesifieke doelwitte ten grondslag, naamlik om:

- (1) ’n konstruksienetwerk van die *fok*-familie op te stel wat as hipotese vir verdere navorsing kan dien; en
- (2) ’n navorsingsagenda vir sodanige verdere navorsing oor *fok* (maar ook ander Afrikaanse vloekkonstruksies) te formuleer.

In afdeling 2 word Feinauer (1981) se insigte opgesom en in afdeling 3 dié van Dekker (1991). In afdeling 4 word die leksikografiese hantering van *fok* in Afrikaanse verklarende woordeboeke wat sedert 1991 verskyn het, opgesom. Afdeling 5 bestaan hoofsaaklik uit ’n visuele voorstelling van die konstruksienetwerk, terwyl die artikel in afdeling 6 afgesluit word met ’n voorgestelde agenda vir verdere navorsing oor *fok* en ander vloekkonstruksies.

## 2. Feinauer (1981)

Feinauer (1981) se verhandeling, “Die taalkundige gedrag van vloekwoorde in Afrikaans”, is die eerste Afrikaanse taalkundige bron waarin *fok* – saam met ander vloekwoorde – onder die loep geneem word. Hoewel Calitz (1979) se proefskrif, “Spot, skel en verwante verskynsels in Afrikaans”, ook uitvoerig aandag aan vloekwoorde gee, verskyn *fok* nie ’n enkele keer in dié bron nie. Feinauer (1981), daarenteen, verwys 54 keer na *fok*, 106 keer na *fokken*, vier keer na *fokkenwil*, drie keer elk na *fokkit* en *fokkof*, en een keer na *moerfokker*.<sup>3</sup>

Gegewe dat *fok* nie afsonderlik deur Feinauer (1981) bespreek word nie, dien die onderstaande as opsomming van plekke waar sy *fok* (en verwante woorde) bespreek of as voorbeeld gebruik. Die indeling in verskillende beskrywingsvlakke is my subjektiewe interpretasie.

## 2.1 Herkoms

- *Fok* en *fokken* is aan Engels ontleen. Die Engelse /ʌ/ wat in Afrikaans /ɔ/ word, is nie ongewoon by Engelse ontlennings nie (vgl. byvoorbeeld *tonnel* < *tunnel*; *trok* < *truck*; *boggher/bokker* < *bugger*) (ble. 26, 131).
- *Fuck* (naas *shit* en *cunt*) word dikwels in Afrikaans gehoor. *Fuck you* en *fok jou* se taboewaarde is ewe sterk (bl. 201).
- Engelse vloekkonstruksies wat uit twee of meer afsonderlike dele bestaan (byvoorbeeld *fuck it*, *fuck-all*, *fuck off*), smelt in Afrikaans saam en vorm wat sy noem 'n verdonkerde samestelling waar die onderskeie dele só heg verbind dat dit nie meer as 'n samestelling beskou kan word nie (byvoorbeeld onderskeidelik *fokkit*, *fokkol* en *fokkof*). Die laaste deel kan dus nie meer as 'n afsonderlike morfeem herken word nie, hoewel dit by *fokkof* nog as 'n toevoeging beskou kan word (bl. 141).

## 2.2 Woordsoortelike gebruik

- *Fokken* kan as adjektief<sup>4</sup> slegs attributief gebruik word en het geen trappe van vergelyking nie. *Befok(te)*, daarenteen, kan attributief én predikatief optree (ble. 61, 123).
- *Fokken* word baie frekwent as graadwoord gebruik, in byvoorbeeld *Ek is fokken haastig*. Anders as ander graadwoorde, kan vloekgraadwoorde ook by intensiewe en vergelykingsadjektiewe gebruik word, byvoorbeeld in *Die perd is fokken hondmak* (ble. 69–71).
- *Fok* en *fokkit* tree interjeksionaal na ander interjeksies op, byvoorbeeld in *O, fokkit!* of *Eina, fok!* (ble. 75–6).
- *Fokken* word (net soos *God* en *blerrie*) maklik deel van gewoontevloek, sodat dit dan as stopwoord dien (bl. 36).

## 2.3 Foneties-fonologiese aspekte

- *Fok* kan deur verkorting versag word deurdat slegs die beginkonsonant oorbly, byvoorbeeld *Hy het hom goed ge-f...* (bl. 187).
- As *fokken* in 'n sin beklemtoon word, sal die sin se affektiewe waarde hoër wees as wanneer 'n ander woord benadruk word, byvoorbeeld *Die fōkken werk maak my mal!* teenoor *Die fokken wérk maak my mal* (bl. 206).

## 2.4 Morfologiese konstruksies

- Die *-en* in *fokk-en* is 'n unieke suffiks wat slegs in die adjektief/bywoord *fokken* voorkom; die woord (en suffiks) is 'n leenverklanking van die Engelse *fuck-ing*. In Substandaard-Afrikaans [sic] kom die slot-*ie* en *-ng* ook voor in *fokkien* naas *fokking*. *Fokken* kan ook nie met die attributiewe *-e* gebruik word nie (ble. 70, 122, 131).
- *Fokkop* is deur nulaflleiding uit die werkwoord *fok op* [sic] gevorm. *Fok op* is 'n deeltjievloekwerkwoord wat – net soos gewone deeltjiewerkwoorde – sonder *gaan* of *loop* as imperatief gebruik kan word (byvoorbeeld *Ag, fok op, man!*). Hulle is daarom onoorganklike vloekimperatiewe, net soos *bokkerof*, *fokkof* en *pisof* (ble. 47, 85).

- Saam met *fok* kom *op* as setselagtige deeltjie en *aan*, *terug* en *voort* as bywoordelike deeltjies voor. Adjektiwiese deeltjies kan ook saam met *fok* voorkom (geen voorbeelde verskaf nie), maar nie voorsetselgroepagtige en naamwoordelike deeltjies nie (ble. 56–7, 59).
- *Fokkof* lyk soos 'n deeltjiewerkwoord, maar die *of* is nie 'n Afrikaanse deeltjie nie, aangesien 'n mens nie die verledetydsvorm *\*ofgefok* of die infinitief *\*offok* kry nie. Dieselfde geld ook *bokkerof* (ble. 109–110).
- *Opfoksel* is 'n samestellende afleiding. (Die suggestie is dat dit dalk 'n persoonsnaam is, want Feinauer (1981) sê oor die lys voorbeelde: “[H]ulle is meestal persoonsname”) (bl. 142).
- *Fokken* (naas *flippen*, *bleddie*, *blerrie*, *blessit*, *blienkien* en *bloemen*) kom gereeld voor in die vloekwoordinvoegingskonstruksie (byvoorbeeld *be-fokken-laglik*, *be-fokken-fok*, *mors-fokken-doodmoeg*, *James fokken Bond*, *kwart oor fokken vier*). *Bleddie* kom egter frekwenter as *fokken* in dié konstruksie voor (ble. 142–59).
- *Flippen* is 'n eufemisme vir *fokken*, *vrek* of *foksterriër* vir *fok*, *flippit* vir *fokkit*. *Fok* word ook soms met *vloek* vervang, byvoorbeeld *Europa doen vloekôl* (< *fokkol*), *Europa bevloek ons* (< *befok*) en *Vloek Europa* (< *fok*) (ble. 180, 188).

## 2.5 Sintaktiese konstruksies

- *Fokken* kan voor naamwoordstukke gebruik word wat gewoonlik nie deur adjektiewe voorbepaal kan word nie (byvoorbeeld *Vandag gaan ons weer fokken niks vang nie*), wat daarop dui dat adjektiwiese vloekwoorde emosionaliteit te kenne gee, eerder as om die naamwoordstuk te karakteriseer (bl. 62).
- Wanneer *fokken* as adjektiwiese voorbepaler by 'n persoonsnaam optree, word *die*, *hierdie*, *daardie*, *so* 'n of *sulke* vereis, byvoorbeeld *Daardie fokken Johan het toe nooit opgedaag nie*, teenoor *\*Fokken Johan het toe nooit opgedaag nie* (bl. 63).
- *Fokken* kan ander vloekwoorde voorbepaal om die negatiewe affek te versterk, byvoorbeeld *die fokken donnerse mense* (bl. 212).
- *Fok* kom nié as naamwoordstuk in die volgende konstruksies voor nie:
  - [NP<sub>VLOEK</sub> POSTP]<sub>ADJ</sub>-konstruksie (byvoorbeeld *die moer in*) (bl. 89)
  - [PREP NP<sub>VLOEK</sub>]<sub>ADJ</sub>-konstruksie (byvoorbeeld *deur die kak/pis/stront*) (bl. 93)
  - [PREP NP<sub>vloek</sub>]<sub>PP.REFL</sub>-konstruksie (byvoorbeeld *op sy donder, in jou moer*) (bl. 93)
  - Vloekgroepvoorsetselkonstruksie (byvoorbeeld *na die / te donder/hel/moer met*) (bl. 96)
  - [NP<sub>VLOEK</sub> PREP PN.OBJ]-konstruksie (byvoorbeeld *stront met jou!*) (bl. 97).
- *Fok* kom gereedlik in die [WH.Q ART.DET NP<sub>VLOEK</sub>]-konstruksie (byvoorbeeld *wat de fok*) voor. Vraagwoorde wat in hierdie konstruksie voorkom, is *hoe*, *hoekom*, *hoeveel*, *waar*, *waarom*, *wanneer*, *wat* en *wie*, terwyl *die* naas *de* as bepaalde lidwoord kan voorkom. Hierdie konstruksie tree op aan die begin van spesifieke vraagsinne (byvoorbeeld *Nou waar de fok wil jy my ontmoet?*), as betreklike bysinne (byvoorbeeld *Ek weet nie waar de fok hy bly nie*) en as interjeksies (byvoorbeeld *Wat de fok!*) (ble. 99, 101).

- *Fok* kom in die kwasi-oorganklikevloekwerkwoordkonstruksie voor, soos *Fok jou/hom/dit!* (maar nie met emfatiese *self* nie, soos *\*Fok jouself!*). (Kyk ook Quang 1971 vir 'n beskrywing van hierdie konstruksie in Engels.) Sulke vloekimperatiewe druk nie noodwendig 'n bevel uit nie, maar is eerder ekspressiewe met illokusionêre kragte soos afjak, belediging, verkleining of afdreiging (ble. 52–5, 226, 232).
- *Die fok weet* word as versterkende vloekadjunk gebruik (byvoorbeeld *Ek is die fok weet so vies*), terwyl *nie 'n fok nie* as versterkende negatiefadjunk gebruik word (byvoorbeeld *Ek gee nie 'n fok om nie*). *Fokken* en *fokkenwil* word ook as oordeelsadjunkte gebruik (ble. 65–6).
- As vloekinterjeksie kan *fok* voor- of agteraan 'n sin voorkom: *Fok, die kar het gaan staan!* naas *Die kar het gaan staan, fok!*. Dit dui daarop dat dit nie met 'n spesifieke sinsdeel optree nie, maar met die sin as 'n geheel (ble. 168).

## 2.6 Semantiese aspekte

- *Fokken* as vloekgraadwoord of vloekadjektief het 'n negativerende affek as onderskeidelik die adjektief of naamwoord neutraal of negatief affektief is (byvoorbeeld *Hy is 'n fokken lui dosent*), maar is intensiverend slegs as die adjektief of naamwoord positief affektief is (byvoorbeeld *Hy is 'n fokken goeie dosent*) (bl. 71).
- *Fokkenwil* het 'n hoër negatiewe affektiewe waarde as *fokken* (bl. 213).
- Vloekinterjeksies soos *fok* en *fokken* (en ander, soos *bleddie*, *blessit*, *dêmmitt* en *dessit*) het dikwels geen begripsinhoud nie, maar tree uitsluitlik as indekse van emosie op (en nie benoemers van emosie nie, soos *angs* of *woede*); hulle is dus simptome van 'n bepaalde emosie (bl. 167).
- *Befok* (en ander, soos *bebliksemd*, *bedonderd*, *befoeterd*, *bemoerd* en *beneuk*) word gebruik om emosionaliteit én sprekershouding te kenne te gee (bl. 169).
- In 'n vloeknaamwoord soos *fokkop* word emosionaliteit, entiteit en resultaat te kenne gegee; in 'n vloekwerkwoord soos *op(ge)fok* is emosionaliteit, proses en resultaat aanwesig; met 'n adjektief soos *befok* (Feinauer gee *Hy is bedonder* as voorbeeld) word emosionaliteit, toestand en resultaat uitgedruk, terwyl dit anders ook slegs emosionaliteit en toestand kan uitdruk, soos in *Hy is bedonderd* (bl. 173).
- Die *My fok!*-konstruksie druk die spreker se subjektiewe betrokkenheid (en nie besitting nie) uit en word gebruik om ontsteltenis, verontwaardiging of verbasing te kenne te gee. *My fok!* (soos ook *My bliksem/dêmmitt/donder/shit!*) is na analogie van *My God/Here/Jesus/Heiland/hel/magtig!* gevorm (bl. 77).
- Die volgende beginsels kan vir die sterkte van imperatiewe met *fok(ken)* (en ander vloekwoorde) gestel word (ble. 227–8):
  - Vloekwoorde wat via werkwoorde of onmiddellik via die sin werk, is sterker as dié wat via naamwoorde werk, byvoorbeeld *Fokken vat jou voete van my bed af* is sterker as *Vat jou fokken voete van my bed af*.
  - Vloekwoorde wat via naamwoorde werk wat op die hoorder betrekking het, is sterker as dié wat op naamwoorde van die spreker betrekking het; byvoorbeeld *Vat jou fokken voete van my bed af* is sterker as *Vat jou voete van my fokken bed af*.



- Vloekwoorde wat via naamwoorde met besitlike voornaamwoorde werk, is sterker as dié wat deur naamwoorde met lidwoorde werk, byvoorbeeld *Vat jou voete van my fokken bed af* is sterker as *Vat jou voete van die fokken bed af*.

## 2.7 Pragmatiese aspekte

- Illokusionêre kragte wat met vloekstelsinne (waarin *fok(ken)* kan voorkom) geassosieer word, is verkleining, beskuldiging, dreigement, belediging, afjak, konfrontasie, protes en berisping (bl. 221–2).
- In *Baie fokken dankie* het die beleefdheidsadjunk ’n ironiese werking, aangesien die spreker nie die hoorder wil bedank nie (bl. 225).
- In vraagsinne waarin *fok(ken)* (en ander vloekwoorde) voorkom, kan beleefdheidsmeganismes nie werkzaam wees nie, byvoorbeeld *\*Hoe de fok moet ek daar kom, asseblief?* (bl. 229).
- Soos by vloekstelsinne en vloekimperatiewe is daar dikwels ander illokusionêre kragte by vloekvraagsinne as by vraagsinne sonder vloekwoorde. *Hoe de fok kan jy dit van my verwag?* druk byvoorbeeld afkeurende protes uit, eerder as om ’n antwoord op die vraag te verwag (bl. 230).
- Ingevolge die situasionele reëls wat by vloekwoordgebruik geld, is ’n konstruksie soos *Fok u!* (dus met gebruik van die beleefdheidsvoornaamwoord) onvanpas en semanties anomaal (bl. 235).

## 3. Dekker (1991)

Dekker (1991) se fokus is in wese suiwer metaleksikografies: Hy gebruik *fok* en verwante woorde bloot om enkele aspekte van die hantering van aanstootlike leksikale items in Afrikaanse verklarende woordeboeke met betrekking tot die hantering van aanstootlike leksikale items in Afrikaanse verklarende woordeboeke te illustreer. Sy beskrywing betrek 13 verskillende uitgawes van die volgende woordeboeke wat tussen 1936 en 1987 verskyn het: *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT), *Nasionale Woordeboek* (NW; eerste uitgawe onder die titel *Kernwoordeboek van Afrikaans*), *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (VAW) en *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT). In sy bespreking sluit hy eksplisiet *fok* as seilvaartterm en *fok* in die betekenis “bril” uit.

Hy kom tot die gevolgtrekking dat die vloekwoord *fok* tot 1991 nie in enige van die Afrikaanse verklarende woordeboeke voorkom nie. Die *fok* wat wel aanvanklik in vier woordeboeke, maar later slegs in twee woordeboeke opgeneem is, beteken “teel van diere”. Hy kom tot die gevolgtrekking dat *fok* met dié betekenis ’n Nederlandse leksikale item is wat in Afrikaanse woordeboeke opgeneem is asof dit Afrikaans is, maar dat die woord en sy samestellings en geaffigeerde vorme nie (meer) in Afrikaans bestaan nie.

Hy doen vervolgens ’n voorstel aan die hand vir die bewerking van ’n sestal lemmas volgens die styl van die WAT: *fok*, *-fok*, *fokking*,<sup>5</sup> *fokop*,<sup>6</sup> *opfok* en *rondfok*. Uit dié bewerking en sy besprekings daarvan kan die onderstaande samevatting gemaak word oor die woorde (en nie

oor die metaleksikografiese aspekte nie); ek gebruik dieselfde rubrieke as in die bespreking hier bo (afd. 2.1).

### 3.1 *Herkoms* (bl. 55)

- *Fok* se betekenis, komposita, grammatika en idiome is verafrikaansings van die Engelse *fuck*.

### 3.2 *Woordsoortelike gebruik* (ble. 56–7)

- Werkwoord: *fok* (verledetydsvorm: *gefok*), *opfok* (verledetydsvorm: *opgefok*), *rondfok* (verledetydsvorm: *rondgefok*)
- Selfstandige naamwoord: *fokkery*; *fokspul*; *fokkop* (meervoud: *fokkops*; verkleinwoord: *fokkoppie*)
- Adjektief en bywoord: *gefok* (attributiewe vorm: *gefokte*), *fokking* (ook *fokken*), *opgefok* (attributiewe vorm: *opgefokte*), *rondgefok* (attributiewe vorm: *rondgefokte*)
- Interjeksie: *fok*

### 3.3 *Foneties-fonologiese aspekte* (ble. 56–7)

- In alle meersillabige woorde val die klemtoon op die eerste sillabe, behalwe in die geval van *deurmekaarfok*, waar die klem op die voorlaaste sillabe val (*deurmekáarfok*).

### 3.4 *Morfologiese konstruksies* (bl. 57)

- *Fok* vorm produktief die slotkomponent van werkwoordelike komposita, soos in *aanfok*, *deurfok*, *deurmekaarfok*, *infok*, *omfok*, *opfok*, *rondfok*, *wegfok*.
- *Fokking* is die primêre vorm vir die adjektief en bywoord (graadwoord), maar *fokken* kom ook soms voor. Slegs eersgenoemde word in die voorbeeldmateriaal gebruik.

### 3.5 *Sintaktiese konstruksies* (ble. 56–7)

- Die werkwoord *fok* in die betekenis “so beweeg dat dit hinderlik is” word saam met ’n bywoordelike frase (in byvoorbeeld *Waarvoor fok daardie lorries die hele tyd heen en weer hier in ons straat?*) of setsel (in byvoorbeeld *Moenie daardie skrum so swaai nie, julle fok die hele veld vol!*) gebruik.
- *Fok dit (iets, iemand, ...)! en Fok jou!* is gevestigde idiomatiese uitdrukkings.

### 3.6 *Semantiese aspekte* (ble. 56–8)

- In slegs twee gevalle is daar tekens van die seksuele domein in die betekenis: die werkwoorde *fok* (“geslagsgemeenskap (met iemand) hê”) en *rondfok* (“met baie mense geslagsomgang hê”). In al die ander gevalle het die betekenis betrekking op sake wat hinderlik is, of waar iets met geweld of onder dwang uitgevoer word en dan verwoes, verwar, verrinnweer, gebreek, deurmekaargemaak, beweeg of gemanipuleer word.



- Die adjektief *fokken* se sinoniem (en betekenisverklaring) is “vervlakste” en die bywoord/graadwoord s’n is “baie”.
- *Fok* as interjeksie is ’n uitroep om iets te beklemtoon.
- *Fok dit!* beteken “Los dit; vergeet daarvan”.
- *Fok jou!* beteken “Ek hou nie van wat jy sê of doen nie en jy moet dadelik daarmee ophou.”

### 3.7 Pragmatiese aspekte (ble. 56–7)

- *Fok* en sy verwante vorme is almal vulgêr. As tussenwerpsel is *fok* ’n vloekwoord, terwyl *fokken* as adjektief ook as skeltaal gebruik kan word (byvoorbeeld *Die fokken onderwysers wil nie verstaan dat ek nie die huiswerk kan doen nie*).
- Die feit dat *fok* as vloekwoord nie in Afrikaanse verklarende woordeboeke behandel is nie, kan toegeskryf word aan óf ’n puristiese onwilligheid om aanstootlike leksikale items te erken, óf as weerstand teen alles wat ten regte of ten onregte as anglisisties aangesien word. (Ek kom in afdeling 4 terug hierop.)
- Dekker (1991:56) omskryf sy eie blootstelling aan *fok* (en ander vloekwoorde) as iets wat hom bereik het “wanneer hy hom tussen sy geslagsgenote bevind. Hy hoor aanvanklik, as kind by die huis, hoegenaamd niks daarvan nie. Die grootste deel raak mettertyd aan hom bekend terwyl hy skoolterreine, skrums, maats en universiteitskampusse belewe. Ten slotte word hy gedurende sy militêre lewe aan die volle omvang en sosiolinguistiese geweld daarvan blootgestel.”

## 4. Afrikaanse verklarende woordeboeke sedert 1991

Die nege Afrikaanse verklarende woordeboeke wat sedert 1991 (toe Dekker 1991 gepubliseer is) verskyn het en wat hier oorweeg is, is die volgende:

- Aanlyn weergawe van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT 2017)
- Agtste en negende uitgawe van die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (VAW-8 1993; VAW-9 2010)
- Derde, vierde, vyfde en sesde uitgawe van die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT-3 1993; HAT-4 2000; HAT-5 2005; HAT-6 2015)
- Die *Woordeboek van Eietydse Afrikaans* (WAV 2020–)
- Eerste uitgawe van die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* (EWA 2003) (streng gesproke nie ’n verklarende woordeboek nie, maar dit koppel wel telkens etimologiese inligting aan spesifieke betekenisonderskeidings/-verklarings).

In Tabel 1 word ’n opsomming van die inligting in vyf van hierdie woordeboeke gegee; waar ’n lemma met ’n bepaalde woordsoort en betekenis in ’n bepaalde woordeboek voorkom, word dit aangedui met die gebruiksetiket wat by daardie lemma verskyn. Die indeksnummers in die tweede kolom verwys na die ooreenstemmende node in Figuur 2. Uitgesluit uit die tabel is: (1) HAT-3 (1993), waarin *fok* glad nie voorkom nie; (2) HAT-4 (2000) wat identies aan

(HAT-5 2005) is, met die uitsondering dat eersgenoemde by die werkwoord *fok* erkenning gee aan die betekenis “om moeilikheid te veroorsaak”, maar weggelaat word in laasgenoemde, en dat *gefok* nie in eersgenoemde nie, maar wel in laasgenoemde voorkom; en (3) VAW-8 (1993) en VAW-9 (2010), wat slegs die volgende inskrywing bevat (in VAW-8 (1993) sonder die etiket):

**fok<sup>2</sup>** (*vulg.*) Kragwoord. ~ken.

Watter waarnemings kan op grond van hierdie woordeboekdata gemaak word? Ek rangskik my interpretasies onder dieselfde opskrifte as in die vorige twee afdelings.

**Tabel 1. Opsomming van vyf woordeboeke**

Lemma	#	ws	Betekenis	WAT	HAT-5	HAT-6	WAV	EWA
·fokken·	9, 10	wd	gee negatiewe emosies te kenne	–	–	vulgêr	krag-woord	–
·fokken·	9, 10	wd	gee positiewe emosies te kenne	–	–	vulgêr	krag-woord	–
befok	29	V	om te bedrieg	–	–	plat, sleng	–	plat
befok	30	V	om skade aan te doen	–	–	plat, sleng	–	–
befok	31	A	in die moeilikheid	–	–	plat, sleng	–	–
befok	32	A	onverstandig; mal, deurmekaar	vloek	–	plat, sleng	–	plat; slegs ADJ
befok	33	A	baie kwaad	vloek	–	plat, sleng	–	plat; slegs ADJ
befok	34	A	baie kwaai	–	–	plat, sleng	–	plat; slegs ADJ
befok	36	A	baie goed	vloek	–	plat, sleng	–	plat; slegs ADJ
befok	37	A	versot	–	–	plat, sleng	–	–
bosbefok	35	A	wat aan post-traumatische stres / bomskok ly	plat; slegs ADJ, dikwels PRED	–	sleng	–	plat; slegs ADJ
bossies	35	A	eufemisme van <i>bosbefok</i>	geselstaal; ook <i>bos</i> ; slegs ADJ	–	informeel	–	eufemisties; slegs ADJ

<b>flip</b>	7	I	inkorting van <i>flippit</i>	–	–	–	eufemisties	–
<b>flippen</b>	8	ADJ	eufemisme vir <i>fokken</i>	–	plat	plat	–	–
<b>flippit</b>	7	I	gebruik om hoofsaaklik negatiewe emosies uit te druk	–	–	–	eufemisties	–
<b>flok</b>	5	I	gebruik om hoofsaaklik negatiewe emosies uit te druk	–	–	–	eufemisties	–
<b>fok</b>	1	V	om seks te hê	vloek	vulgêr	vulgêr	–	vulgêr
<b>fok</b>	2	V	om moeilikheid te veroorsaak	vloek	–	vulgêr	–	vulgêr
<b>fok</b>	3	N	geslags-gemeenskap	vloek	vulgêr	vulgêr	–	vulgêr
<b>fok</b>	4	N	geslagsgemeenskapsgenoot	vloek; neerhalend	vulgêr	vulgêr	–	vulgêr
<b>fok</b>	5	I	vervloek om negatiewe emosie te kenne te gee	vloek	–	–	–	–
<b>fok</b>	6	I	uitroep/skelwoord/kragwoord vir verskeie negatiewe emosies	vloek	vulgêr	vulgêr	[geen etiket]	vulgêr
<b>fok</b>	7	I	<i>fokkit</i> (sinoniem)	vloek	–	–	–	–
<b>fokken</b>	8	A	baie (erg)	vloek	vulgêr	vulgêr	–	plat
<b>fokker</b>	18	N	ongunstige persoon	vloek	–	–	–	–
<b>fokkery</b>	21	N	[geen betekenis]	weinig gebruiklik; sublemma onder <b>fok</b> (“teel van diere”)	vulgêr; sublemma onder <b>fok</b>	vulgêr; sublemma onder <b>fok</b>	–	–
<b>fokkie</b>	19	N	speurder	nie algemeen	–	–	–	–

fokkit	7	I	skelwoord/ kragwoord wat in verskillende situasies gebruik kan word	vloek	–	vulgêr	–	–
<b>fokkof</b>	38	V	om pad te gee	vloek; hooflemma: <b>fokof</b>	–	vulgêr	–	–
<b>fokkof</b>	39	I	uitroep om negatiewe emosies te kenne te gee	vloek; hooflemma: <b>fokof</b>	–	vulgêr	–	–
<b>fokkol</b>	15	N	heeltemal niks	vloek	–	–	–	–
<b>fokkol</b>	15	PN	heeltemal niks	vloek	–	–	–	–
<b>fokkol</b>	16	A	[geen betekenis]	vloek	vulgêr; slegs ADV	vulgêr; slegs ADV	–	–
<b>fokkol</b>	16	NUM	[geen betekenis]	vloek	–	–	–	–
<b>fokkoliseer</b>	17	V	om tot niks te redukeer	–	–	–	plat; hoof- lemma: <b>fokoliseer</b>	–
<b>fokkop</b>	23	N	ongunstige of mislukte persoon/saak	vloek; hooflemma: <b>fokop</b>	–	vulgêr; gespel: <b>fokop</b>	–	–
<b>fokkop</b>	24	N	moeilike situasie; probleem; gemors; mislukking	vloek; lemma: <b>fokop</b>	vulgêr; lemma: <b>fokop</b>	vulgêr; lemma: <b>fokop</b>	informeel, plat; lemma: <b>fokop</b>	–
<b>fokspul</b>	25	N	[geen betekenis]	–	vulgêr; sublemma onder <b>fok</b>	vulgêr; sublemma onder <b>fok</b>	–	–
<b>gefok</b>	40	A	heeltemal geruïneer; erg benadeel	–	plat; slegs eerste betekenis	plat	–	–
<b>kopfok</b>	20	N	oorweldigende ervaring	–	–	–	sleng	–
<b>kos- opfokker</b>	22	N	voedsel- verwerker	–	–	–	skertsend	–
<b>opfok</b>	28	V	om te slaan; om swaar te laat kry; om op onaanvaarbare manier te doen; om skade te berokken	plat	–	vulgêr	–	–

rondfok	27	V	om rond te beveil; om te bedrieg; om hardhandig te hanteer; om sedeloos te wees; om lukraak te werk te gaan	plat	–	plat, sleng	–	–
---------	----	---	---	------	---	-------------	---	---

**Afkortings:** A = byvoeglike naamwoord (adjektief) en/of bywoord; ADJ = slegs byvoeglike naamwoord; ADV = slegs bywoord; I = tussenwerpsel (interjeksie); N = selfstandige naamwoord; NUM = telwoord; PN = voornaamwoord; V = werkwoord; wd = woorddeel; ws = woordsoort; # = indeksnommer

#### 4.1 Herkoms

Dit is baie duidelik dat die Nederlandsagtige *fok* (“om te teel met diere”) en verbandhoudende woorde (*fokker*; *fokdier*, *fokhings*, *fokram*, *fokskaap*, *fokvee*) sonder twyfel nie meer in hedendaagse Afrikaans bestaan nie, soos Dekker (1991) reeds voorspel het die geval sou wees. In geen van die bestudeerde woordeboeke word hierdie *fok* meer erken nie, met die uitsondering van WAT (2017) wat dit met die etiket “weinig gebruiklik” merk.

By *fok* en *fokken* dui EWA (2003) aan dat hulle onderskeidelik uit Engelse *fuck* en *fucking* afkomstig is, maar by die werkwoord *fok* met die betekenis “geslagsgemeenskap hê met” word gesê dat dit uit Nederlands (Middelnederlands) afkomstig is met “stoot, du” as oorspronklike betekenis. Dit is wel enigsins teenstrydig met die inskrywing by die naamwoord *fok* met die betekenis “daad van geslagsgemeenskap [...]” waar aangedui word dat dit uit Engels kom. Dit is vreemd (indien nie onwaarskynlik nie) dat die werkwoordelike gebruik uit Nederlands afkomstig is, maar die naamwoordelike gebruik uit Engels. Hoewel Engelse *fuck* en Nederlandse *fokken* ’n voorgeskiedenis deel (Van Huyssteen 2021b), is dit veel kompleks as wat binne die skopus en styl van EWA (2003) aangedui word.


WAV (2020–) dui by *kopfok* aan dat dit uit die Engelse *mindfuck* “afkomstig” is. Dit is enigsins onpresies: So min soos wat ’n mens kan sê *werkswinkel* is afkomstig uit Engelse *workshop*, so min kan ’n mens sê dat *kopfok* uit *mindfuck* afkomstig is. Beide *kopfok* en *werkswinkel* is leenvertalings van Engelse woorde, maar nie “afkomstig uit” Engels nie.

Die feit dat *fok* en verwante woorde aansienlik uitgebrei in WAT (2017) en HAT-6 (2015) is, is moontlik bewys dat die gebruik van hierdie woorde eers vanaf die 1980’s deel van hoofstroom-Afrikaans geword het. Dekker (1991) se mening dat die afwesigheid van *fok* as vloekwoord onder andere te wyte is aan “’n puristiese onwilligheid om aanstootlike leksikale items te erken”, is gewoon verkeerd. Sou sy stelling waar wees, sou ’n mens ook nie ander vloekwoorde in die WAT of ander woordeboeke van daardie tyd kry nie. Ons kan dit maklik toets aan die hand van drie ander, algemene vloekwoorde: *doos*, *kak* en *poes* (telkens in hulle potensieel aanstootgewende gebruik/betekenis).

In Deel II: D–F van die WAT, wat in 1955 gepubliseer is, verskyn *doos* (“vroulike geslagsdeel”), maar nie *fok* nie, en 13 jaar later in Deel V: J–KJ (1968) verskyn *kak* ook reeds, en in Deel XII: P–Q (2005) *poes*. Daar is dus van die vroegste tye af nie by die WAT ’n onwilligheid om

aanstootlike leksikale items op te neem nie. Dieselfde geld ook HAT: Reeds in HAT-1 (1965) verskyn *doos*, *kak* en *poes*. Die feit dat *fok* nie in hierdie vroeëre uitgawes van woordeboeke verskyn nie, is eerder 'n teken dat *fok* voor die 1980's beperk was tot spesifieke subkulture, soos Dekker (1991) se “skoolterreine, skrums, maats, [...] universiteitskampusse [en] [...] militêre lewe”.

Sterker nog: Die tydlyn in die Afrikaanse woordeboekdata is tekenend van die feit dat *fok* onder Engelse invloed in Afrikaans ontstaan het (en nie uit Nederlandse *fokken* gegroei het nie, of nie deur preutse leksikografiepraktyk uit woordeboeke geweer is nie). Dié teorie word sterk ondersteun deur historiese data met betrekking tot die gebruik van *fuck* in Engels. Uit data in Google Books Ngram Viewer (Michel e.a. 2011) is dit duidelik dat *fuck* eers in die 1960's in frekwensie begin toeneem en pas in die 1980's werklik beduidend begin groei het (kyk Figuur 1). Die feit dat ons nie *fok* in sy vloekwoordgebruik in Afrikaanse woordeboeke voor die 1990's aantref nie, strook dus met hierdie Engelse frekwensiespreidingstrajek.



**Figuur 1. Relatiewe frekwensie van *fuck* in Google Books Ngram Viewer (Parameters: “1800–2019; English (2019); case-insensitive; smoothing of 3”) (Michel e.a. 2011)**

#### 4.2 Woordsoortelike gebruik

Gegewe dat daar meer lemmas in hierdie woordeboeke opgeneem en bewerk word, is die prentjie veel ryker as wat deur Dekker (1991) geskets word, soos hier onder per woordsoort geïllustreer word:

- Werkwoord (V): *befok*<sub>1</sub> (“om skade aan te doen”); *befok*<sub>2</sub> (“om te bedrieg”); *fok*<sub>1</sub> (“om moeilikheid te veroorsaak”); *fok*<sub>2</sub> (“om seks te hê”); *fokkof*; *fokkoliseer*; *opfok*; *rondfok*. WAT (2017) en HAT-6 (2015) dui spesifiek ook aan dat *fok*<sub>1</sub> dikwels as voorsetselwerkwoord saam met *met* gebruik word (soos *As daar met my familie gefok word, gaan ek kwaad raak*).
- Naamwoord (N): *fok*<sub>1</sub> (“geslagsgemeenskap”); *fok*<sub>2</sub> (“geslagsgemeenskapsgenoot”); *fokker*; *fokkery*; *fokkie*; *fokkol*; *fokkop*<sub>1</sub> (“moeilike situasie; probleem; gemors; mislukking”); *fokkop*<sub>2</sub> (“ongunstige of mislukte persoon/saak”); *fokspul*; *kopfok*; *kosopfokker*.
- Adjektief én bywoord (A): *befok* (ses verskillende betekenisse); *fokken*; *fokkol*; *gefok*



- Slegs adjektief (ADJ): *bosbefok* en *bossies* (slegs HAT-6 (2015) dui aan dat dit as adjektief én bywoord gebruik kan word; al die ander woordeboeke waarin dit opgeneem is, meen dit kan slegs adjektiewies gebruik word); (Dit is waarskynlik 'n fout dat HAT aandui dat *flippen* slegs as adjektief gebruik word, aangesien dit in die betekenisverklaring gestel word dat dit 'n eufemisme vir *fokken* is, wat wel as adjektief én bywoord gemerk word.)
- Tussenwerpsel/interjeksie (I): *flip*, *flippit*, *flok*, *fok* (met twee betekenisonderskeidings en een sinoniem), *fokkit*, *fokkof*
- Telwoord (NUM): *fokkol*
- Voornaamwoord (PN): *fokkol*
- Woorddeel (wd): *fokken*

### 4.3 Foneties-fonologiese aspekte

Geen van die woordeboeke dui enigiets aan wat anders is as, of teenstrydig is met Dekker (1991) nie.

### 4.4 Morfologiese konstruksies

Dit is duidelik dat *fok* produktief as basis gebruik word vir affigering (byvoorbeeld *befok*, *gefok*), komposita (byvoorbeeld *fokkof*, *kopfok*), samekoppelings (byvoorbeeld *opfok*, *rondfok*) en verdraaiings (byvoorbeeld *flok*, *flip* < *flippit* < *fokkit*). Let op die volgende spesifieke waarnemings:

- Anders as Dekker (1991) wat sê dat *fok* produktief die slotkomponent van werkwoordelike komposita (d.i. samekoppelings) is, word slegs *opfok* en *rondfok* in die woordeboeke opgeneem.
- Hoewel Feinauer (1981) reeds uitgebreid illustreer hoe *fokken*, *frieken* en *flippen* as interfikse gebruik word, is dit slegs WAT (2017), HAT-6 (2015) en WAV (2020–) wat erkenning hieraan gee. Opmerklik is dat eersgenoemde aandui dat dit met koppeltekens ingevoeg word (byvoorbeeld *asse-fokken-blijf*), terwyl laasgenoemde twee aandui dat geen koppeltekens gebruik word nie (byvoorbeeld *assefokkenblijf*).
- Terwyl Dekker (1991) aandui dat *fokking* die primêre vorm vir die adjektief en bywoord is, en Feinauer (1981) ook melding maak van *fokkien* naas *fokking*, gee geen van die bestudeerde woordeboeke erkenning aan dié vorme nie.
- WAT (2017) en al die uitgawes van HAT waarin *fokkop* voorkom, dui aan dat die meervoud *fokkops* is. WAV (2020–), daarenteen, dui aan dat *fokkop* gewoonlik in die enkelvoud gebruik word.

### 4.5 Sintaktiese konstruksies

Die volgende sintaktiese konstruksies word eksplisiet in van die woordeboeke genoem:

- $[ag|my|o\ fok]_{\text{INTERJ}} \Leftrightarrow [\text{UITROEP VAN AFKEUR, MISNOEË, ONGELOOF, VERBASING, ENS.}]$  (WAT 2017)

- [VP *fok met* OBJ.PREP] ⇔ [BEHANDEL OBJ.PREP OP 'N VERKEERDE MANIER] (HAT-6 2015; WAT 2017)
- [ADV.P *fokkol ... nie*] ⇔ [HEELTEMAL NIKS] (WAT 2017)
- [ADV.P *nie 'n fok* (V.INTR) *nie*] ⇔ [GLAD NIE (V.INTR)] (HAT-6 2015; WAT 2017)
- [VT.PR *fok* NP!] ⇔ [VERVLOEK OM NEGATIEWE EMOSIE TE KENNE TE GEE] (HAT-6 2015; WAT 2017)
  - In al die HAT's word slegs voorbeelde met voornaamwoorde (byvoorbeeld *Fok jou!*) aangedui, maar WAT (2017) gee ook voorbeelde met ander NP's, soos *Fok die bure!*.
- [PN.WH.Q *de fok?*]<sub>INTERJ</sub> ⇔ [VRAENDE UITROEP VAN AFKEURING, MISNOEË, ONGELOOF, VERBASING, ENS.] (HAT-6 2015; WAT 2017)
  - Geen van die woordeboeke gee erkenning aan hierdie konstruksie met *die* in plaas van *de* nie; slegs laasgenoemde word erken.

Naas hierdie sintaktiese konstruksies word die volgende vaste uitdrukkings ook eksplisiet genoem:

- [*die fok weet*] ⇔ [NIEMAND WEET NIE; DIS HEELTEMAL ONSEKER] (HAT-6 2015; WAT 2017)
- [*my fok, Marelize!*] ⇔ [UITROEP OM SKRIK/SKOK/VERSLAENHEID TE KENNE TE GEE] (WAV 2020–)
- [*'n vet/moerse fokkop*] ⇔ ['n GROOT PROBLEEM] (HAT-6 2015; WAV 2020–)

#### 4.6 Semantiese aspekte

Die groot verskeidenheid betekenisse van *fok* en verwante woorde is hier bo in Tabel 1 weergegee. Geen erkenning word aan Dekker (1991) se betekenis “so beweeg dat dit hinderlik is” by die werkwoord *fok* gegee nie. Insgelyks word nie erkenning gegee aan die betekenis “met baie mense geslagsomgang hê” by *rondfok*; “los dit; vergeet daarvan” by *Fok dit!*; en “ek hou nie van wat jy sê of doen nie en jy moet dadelik daarmee ophou” by *Fok jou!* nie.

Die betekenisse en gebruiksvoorbeelde is in ooreenstemming met Feinauer (1981) se waarneming dat *fok* meestal met negatiewe emosies, sake of situasies geassosieer word, maar dat daar tog enkele gevalle is waar dit positief gebruik kan word, byvoorbeeld *Dis befok!*

#### 4.7 Pragmatiese aspekte

Verskillende woordeboeke gebruik verskillende etikette om *fok* en verwante woorde te merk:


- WAT (2017) gebruik redelik konsekwent *vloek* (21 keer), maar in drie gevalle *plat* en in een geval *geselstaal*.
- HAT-6 (2015) is minder konsekwent, maar gebruik meestal *vulgêr* (sewentien keer). Daarnaas kom *plat* elf keer voor, *sleng* tien keer en *informeel* een keer.
- WAV (2020–) se etiketgebruik is selfs meer inkonsekwent as dié van HAT-6 (2015). So byvoorbeeld kry *fok* **geen etiket** nie, *fokken* word aangedui as *kragwoord*

(hoewel dit ’n interfiks is), *fokkoliseer* is **plat**, *fokkop* is **informeel**, *kopfok* is **sleng** en *kosopfokker* is **skertsend**.

- EWA (2003) gebruik **vulgêr** slegs by *fok* (vyf keer); in die ander gevalle word **plat** (sewe keer) en **eufemisties** (een keer) gebruik.

### 5. Samevatting: Konstruksienetwerk van die *fok*-familie

My interpretasie van die taalkundige en leksikografiese bronne wat oor *fok* handel, word in die konstruksienetwerk in Figuur 2 opgesom. Die toeligting in die blokkie regs onder verduidelik die gebruik van verskillende kleure, arserings, pyle en strepe, asook hoe elke node geïnterpreteer moet word. Eufemistiese verdraaiings (soos *flippen* en *flippit*) en inkortings (soos *bossies* < *bosbefok*) word by die onderskeie basiswoorde met ’n skerphakie (>) aangedui. Ter wille van volledigheid word die nietaboehomonieme van *fok* ook ingesluit (onder in die middel, met rooi letters aangedui).



**Figuur 2. Konstruksienetwerk van die *fok*-familie**

’n Groter weergawe van die figuur is hier beskikbaar: <https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2022/12/fok-figuur-2.pdf>.

### 6. Vooruitskouing: Navorsingsagenda

Vir doeleindes van ’n omvattende beskrywing van vloekwoorde en vloekwoordkonstruksies, hetsy in toekomstige verklarende woordeboeke of spesifiek in ’n vloekwoordeboek (kyk Van Huyssteen (2021a) vir ’n beskrywing van die sogenaamde *Vloekopedia* wat tans ontwikkel word), dien die insigte van Feinauer (1981), Dekker (1991) en Afrikaanse verklarende woordeboeke wat sedert 1991 verskyn het, as ’n goeie basis. Gegewe dat beide Feinauer (1981) en Dekker (1991) voor die opkoms van die korpuslinguistiek en die beskikbaarheid van elektroniese Afrikaanse korpusse gepubliseer is, bevat nie een van dié twee bronne kwantitatiewe gegewens om hulle bevindinge te ondersteun nie. Boonop het dié twee bronne onderskeidelik meer as 40 en 30 jaar gelede verskyn. Hoewel daar heelwat meer onlangse verklarende Afrikaanse woordeboeke is, gee dié woordeboeke ook uit hulle aard uit nie

kwantitatiewe data ter ondersteuning van hulle beskrywings nie (hoewel hulle meestal wel korpusgebaseerd is).

Die belangrikste navorsingsagenda met betrekking tot *fok* (of enige ander vloekwoord) sou daarom wees om gebruikgebaseerde navorsing te doen, met spesifieke verwysing daarna om:

- (1) bestaande insigte korpusgebaseerd te toets
- (2) hiatusse in bestaande insigte korpusgedrewe te vind en aan te vul
- (3) konstruksiegebaseerde beskrywings te gee
- (4) die rol van vloekkonstruksies in taalverandering te ondersoek.

Feinauer (1981:201) voer byvoorbeeld aan dat *fuck* (naas *shit* en *cunt*) frekwent in Afrikaans gehoor word. Teen die agtergrond van (1) kan 'n mens ondersoek of dit waar is, en teen die agtergrond van (2) of daar ander Engelse vloekwoorde (of vloekwoorde uit ander tale) is wat ook frekwent in Afrikaans gebruik word. Met betrekking tot (3) gaan dit daaroor dat moontlikhede ondersoek moet word om die skopus van leksikografiese beskrywings te verskuif na sogenaamde konstruktikografiese beskrywings, d.i. waar die onderskeid tussen leksikale items (byvoorbeeld *fok*) en grammatikale konstruksies (byvoorbeeld [<sub>VP.TR</sub> *fok np!*]) opgehef word (kyk byvoorbeeld Lyngfelt e.a. 2018). Laastens, met betrekking tot (4) gaan dit nie net oor die etimologie van vloekwoorde en -konstruksies nie, maar veral ook oor die mate waartoe vloekwoorde/-taal as taalkundige innovering gebruik word om versnelde (korttermyn)taalverandering te weeg te bring (kyk byvoorbeeld Burridge en Benczes (2019)).

Naas gebruikgebaseerde ondersoeke is daar ook 'n enorme leemte in gebruikersgebaseerde navorsing oor vloek en vloekwoorde, met spesifieke verwysing na:

- (5) sosiolinguistiese navorsing
- (6) rekenaaringuistiese navorsing
- (7) psigolinguistiese navorsing
- (8) neurolinguistiese navorsing.

Feinauer (1981:201) voer byvoorbeeld aan dat *fuck you* en *fok jou* se taboewaarde ewe sterk is. Deur middel van sosiolinguistiese vraelyste (kyk byvoorbeeld Beers Fägersten 2007, of Van Huyssteen en Eiselen (2021)), data van sosiale media (kyk byvoorbeeld Gauthier 2021), oogsporingsdata (kyk byvoorbeeld Christianson e.a. 2017) of data verkry deur middel van funksionele magnetiese resonansbeelding (fMRI; kyk byvoorbeeld Hansen e.a. 2019) kan dié stelling van Feinauer – en talle vroeë – empiries getoets word.

## Erkenning

Die projek “Wat de vloekwoord! Multidissiplinêre navorsing en wetenskapskommunikasie oor vloek” waarbinne hierdie navorsing uitgevoer is, is ten dele moontlik gemaak deur finansiële ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die in natura-bydraes van BlueTek Computers, WatKykJy.co.za, Afrikaans.com en Maroela Media word ook hiermee met dank erken. Geen van die opinies in hierdie artikel kan egter aan enige van hierdie instansies en/of hulle medewerkers toegedig word nie.

## Etiese klaring

Hierdie bydrae verskyn onder die vaandel van 'n projek waarvan die oorhoofse etiekkларing op 21 Mei 2019 by die Noordwes-Universiteit se Language Matters Ethics Committee geregistreer is; die registrasienommer is NWU-00632-19-A7.

## Bibliografie

Allan, K. (red.) 2019. *The Oxford handbook of taboo words and language*. Oxford: Oxford University Press.

Beers Fägersten, K. 2007. *A sociolinguistic analysis of swearword offensiveness*. Saarbrücken: Universität des Saarlands. [https://www.researchgate.net/publication/265009714\\_A\\_sociolinguistic\\_analysis\\_of\\_swearword\\_offensiveness](https://www.researchgate.net/publication/265009714_A_sociolinguistic_analysis_of_swearword_offensiveness) (10 September 2022 geraadpleeg).

Burridge, K. en R.A. Benczes. 2019. Taboo as a driver of language change. In Allan (red.) 2019:180–99.

Calitz, F.C. 1979. Spot, skel en verwante verskynsels in Afrikaans. PhD-proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Christianson, K., P. Zhou, C. Palmer en A. Raizen. 2017. Effects of context and individual differences on the processing of taboo words. *Acta Psychol (Amst)*, 178:73–86. <http://dx.doi.org/10.1016/j.actpsy.2017.05.012>.

Dekker, L. 1991. Vloek, skel en vulgariteit: Hantering van sosiolinguisties aanstootlike leksikale items. *Lexikos*, 1:52–60. <https://doi.org/10.5788/1-1-1148>.

EWA. 2003. *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Feinauer, A.E. 1981. Die taalkundige gedrag van vloekwoorde in Afrikaans. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Gauthier, M. 2021. “Eww wtf, what a dumb bitch”: A case study of similitudes inside gender-specific swearing patterns on Twitter. *Corpora*, 16(1):31–61. <http://dx.doi.org/10.3366/cor.2021.0208>.

Hansen, S.J., K.L. McMahon en G.I. De Zubicaray. 2019. The neurobiology of taboo language processing: fMRI evidence during spoken word production. *Social Cognitive and Affective Neuroscience*, 14(3):271–79. <http://dx.doi.org/10.1093/scan/nsz009>.

HAT-1. 1965. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Eerste uitgawe. Pretoria: Voortrekkerpers.

HAT-3. 1993. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Derde uitgawe. Pretoria: Perskor.

- HAT-4. 2000. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Vierde uitgawe. Kaapstad: Pearson/Perskor.
- HAT-5. 2005. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Vyfde uitgawe. Kaapstad: Pearson.
- HAT-6. 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Sesde uitgawe. Kaapstad: Pearson. <https://viva-afrikaans.org> (10 September 2022 geraadpleeg).
- Kinky. 2002. Oor “fok”. [https://groups.google.com/g/soc.culture.south-africa.afrikaans/c/d\\_pQiw8PvVU](https://groups.google.com/g/soc.culture.south-africa.afrikaans/c/d_pQiw8PvVU) (10 September 2022 geraadpleeg).
- Lass, R. 1995. Four letters in search of an etymology. *Diachronica*, 12(1):99–111. <https://doi.org/10.1075/dia.12.1.12las>.
- Lodge, R. 2013. *F\*\*k: An irreverent history of the F-word*. Londen: HarperCollins Publishers. Kindle-uitgawe, 26 September 2013.
- Lyngfelt, B., L. Borin, K. Ohara en T.T. Torrent. 2018. *Constructicography: Constructicon development across languages*. Amsterdam: John Benjamins.
- McCulloch, G. 2014. A linguist explains the syntax of “fuck”. *The Toast*. <https://the-toast.net/2014/12/09/linguist-explains-syntax-f-word> (10 September 2022 geraadpleeg).
- McEnery, A. en Z. Xiao. 2004. Swearing in modern British English: The case of fuck in the BNC. *Language and Literature: International Journal of Stylistics*, 13(3):235–68. <http://dx.doi.org/10.1177/0963947004044873>.
- Michel, J.-B., Y.K. Shen, A.P. Aiden, A. Veres, M.K. Gray, W. Brockman, The Google Books Team, J.P. Pickett, D. Hoiberg, D. Clancy, P. Norvig, J. Orwant, S. Pinker, M.A. Nowak en E.L. Aiden. 2011. Quantitative analysis of culture using millions of digitized books. *Science*, 331(6014):176–82. <https://doi.org/10.1126/science.1199644>.
- Murphy, B. 2009. “She’s a fucking ticket”: The pragmatics of fuck in Irish English – an age and gender perspective. *Corpora*, 4(1):85–106. <http://dx.doi.org/10.3366/e1749503209000239>.
- Quang, P.D. 1971. English sentences without overt grammatical subject. In Zwicky e.a. (reds.) 1971:3–10.
- Sheidlower, J. 2009. *The F-word*. Oxford: Oxford University Press. Kindle-uitgawe, 4 September 2009.
- Van der Merwe, M.-M. 2022. Prototipiese Afrikaanse taboewoorde. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Van Huyssteen, G.B. 2021a. Swearing in South Africa: Multidisciplinary research on language taboos. *Proceedings of the International Conference of the Digital Humanities Association of Southern Africa 2021*, 29 November – 3 Desember. <https://gerhard.pro/publications/vanhuysteen2021a> (10 September 2022 geraadpleeg).



—. 2021b. When a word is “befok”. Afrikaans Grammar Workshop III, Amsterdam, Nederland, 29 September – 1 Oktober. <https://vloek.co.za/leesstof/kongresmateriaal/when-a-word-is-befok-agw-2021> (10 September 2022 geraadpleeg).

Van Huyssteen, G.B. en R. Eiselen. 2021. Oor feekse en helleveë. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(4–1):1129–55. <https://doi.org/10.17159/2224-7912/2021/v61n4-1a9>.

VAW-8. 1993. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Agtste uitgawe. Kaapstad: Pharos. <https://pharosaanlyn.co.za> (10 September 2022 geraadpleeg).

VAW-9. 2010. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Negende uitgawe. Kaapstad: Pharos. <https://pharosaanlyn.co.za> (10 September 2022 geraadpleeg).

WalterDieWonderman. 2006. Betekenis en korrekte gebruik van “fok”. <https://groups.google.com/g/soc.culture.south-africa.afrikaans/c/oi8ekCAcQ3I?pli=1> (10 September 2022 geraadpleeg).

WAT. 2017. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Stellenbosch: Buro van die WAT. <https://viva-afrikaans.org> (10 September 2022 geraadpleeg).

WAV. 2020–. *Woordeboek van Afrikaans vandag*. <https://pharosaanlyn.co.za> (10 September 2022 geraadpleeg).

Zwicky, A.M., P.H. Salus, R.I. Binnick en A.L. Vanek (reds.). 1971. *Studies out in Left Field: Defamatory essays presented to James D. McCawley on his 33rd or 34th birthday*. Edmonton: Champaign.

## Bylae A (WalterDieWonderman 2006)

### Betekenis en korrekte gebruik van *fok* (google.com)

Die pennevrug van prof. Johan Combrinck, voormalige voorsitter van die Taalkommissie van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.

### Die unieke Afrikaanse *fok*

Een van die interessantste, kleurvolste woorde in Afrikaans is die leenwoord *fok* en sy familie. Dis ’n towerwoord wat, bloot deur sy klank, vreugde of pyn, liefde of haat, ontdekking of frustrasie kan weergee.

*Fok* is een van die min woorde wat die funksie van byna alle woordsoorte kan vervul. Dit word as oorganklike werkwoord gebruik (*Fok die hele spul*), en as onoorganklike werkwoord (*Aag fok*), as bevel (*Fok dit!*), in die bedrywende vorm (*Dit het my gefok*), sowel as die lydende vorm (*Nou is jy gefok*), as die hoofelement in ’n hele reeks skeibare werkwoorde (*aanfok*, *opfok*, *uitfok*, *toefok*, *voortfok*, *byfok*, *agteroorfok*, *agternafok*, ens.) of as stam van ’n werkwoord (*Nou het jy die hele ding befok*).

As abstrakte selfstandige naamwoord (*Ek gee nie 'n fok om nie*), of as persoonsnaam (*Het jy gesien wat die fokker probeer doen?*), as nabepaling by 'n vraagwoord (*Hoe de fok, wie de fok, hoekom de fok, wanneer de fok, ens.*), as byvoeglike naamwoord (*Waar moet ek die fokken tyd vandaan kry?*), as bywoord (*Dis nou 'n fokken mooi grap*), en as uitroep (*O fok!*).

Selfs ook as invoegsel (*onge-fokken-looflik*). Dit kan ook in homself ingevoeg word (*Nou is jy be-fokken-fok*).

Hierdie Afrikaanse woord kan gebruik word om wyd uiteenlopende situasies te beskryf:

- Verrassing: *Hoe de fok gaan dit met jou?*
- Bedrog: *Die motorhawe het my befok.*
- Ontsteltenis: *Ag fokkit!*
- Moeilikhed: *Nou is ek in my moer in gefok.*
- Aggressie: *Fok jou!*
- Moedeloosheid: *Hoe de fok moet ek dit regkry?*
- Walging: *Fok my!*
- Wanbegrip: *Ek fokken verstaan nie.*
- Inkompetensie: *Hy fok alles op.*
- Gesag: *Wat de fok dink jy doen jy?*
- Verdwaal: *Nou weet ek not 'n fok waar ek is nie.*
- Oortuiging: *Onge-fokken-twyfeld.*

Dit kan horlosietyd beskryf (*Presies half-fokken-vyf*), of omstandighede (*Hoe het ek in hierdie fokken job beland?*), of persone (*Jan Fokken Smuts*), of dinge (*Kyk hoe lyk jou fokken skoene!*), of plekke (*Tot in fokken Durban*), of dit kan die siel van 'n uitnodiging wees wat van hartlikheid drup (*Fok u!*).

Fok is in Afrikaans onge-fokken-ewenaar!

[Tipografies aangepas en versorg deur die artikelskrywer]

## Bylae B (Kinky 2002)

### Oor “Fok”

Anoniem

Seker een van die mees interessante woorde in Afrikaans, is die woord “fok”.

Dit is 'n wonderbaarlike woord wat deur sy klank alleen dinge soos pyn, plesier, liefde en haat beskryf. Die woord “fok” kan ook in 'n klomp grammatikale kontekste gebruik word. Dit kan as 'n werkwoord gebruik word (*Jan fok Koos op*) en kan na die verlede tyd verwys (*Jan het vir Koos opgefok*), asook na die toekoms (*Jan gaan vir Koos opfok*). Dit kan ook in die lydende vorm gebruik word (*Koos is deur Jan opgefok*). Dit kan ook as aksiewerkwoord

(*Jan gee fokken om*) of passiewe werkwoord (*Jan gee nie eintlik 'n fok om nie*) gebruik word. Dit word ook gebruik as 'n selfstandige naamwoord (*Ek's gefok*), 'n bywoord (*Sarie is fokken mooi*), 'n tussenwerpsel (*My fok, dis laat*), of saam met ander woorde (*Sarie is dom, fok, sy's onnosel*).

Soos u kan sien het min woorde die aanpasbaarheid van die woord *fok*. Behalwe die seksuele konnotasie kan die woord baie situasies beskryf, soos:

- Groete – *Hoe de fok gaan dit met jou?*
- Opdrag – *Kyk fokken voor jou.*
- Opgee – *Ag nee, fokkit.*
- Moeilikheid – *Nou's ons gefok.*
- Aggressie – *Fok jou!*
- Afguns – *Fok my!*
- Verwarring – *Wat de fok ...?*
- Sukkel – *Ek fokken verstaan nie.*
- Wanhoop – *Fokkit tog.*
- Bewondering – *Dis befok.*
- Misnoeë – *Wat de fok gaan hier aan?*
- Verlore – *Waar de fok is ons?*
- Ongeloof – *Ongefokkenlooflik.*
- Weerwraak – *Jou fokken gat, man.*
- Ontkenning – *Ek weet van fokkol.*
- Pyn – *Eina fok!* of *Dis fokken seer!*
- Onsimpatiek – *Wie gee 'n fok om.*
- Suspisie – *Wie de fok is jy?*
- Paniek – *Maak dat julle fokken wegkom.*
- Aanwysings – *Fok weg!*
- Teenstand – *Not 'n fok!*
- Instemming – *Ag OK, fok.*
- o.v. tyd: *Half fokken tien.*
- Politiek: *Die fokken NP.*
- Besigheid: *Hoe de fok het jy die werk gekry?*
- Anatomie: *Jou fokken gat!*

Dis ook al deur baie bekende mense in bekende situasies gebruik:

- “Waar kom al die fokken Zoeloes vandaan?” – Bloedrivier
- “Waar kom al die fokken water vandaan?” – Kaptein van die *Titanic*
- “Dis nie 'n regte fokken mes nie” – Verwoerd
- “Wie gaan fokken uitvind?” – Dirk Coetzee
- “Koppe gaan fokken rol” – Die Franse Revolusie
- “Fokken VROUMENSE” – Johan Stemmet
- “Laat die fokken vrou bestuur” – Kaptein van die Challenger
- “Watter fokken kaart?” – Moses in die woestyn
- “Enige fokken idioot kan dit verstaan” – Einstein
- “Man, dit fokken lyk soos sy” – Picasso
- “Hoe die fok werk jy dit uit?” – Pythagoras
- “Jy wil wat op die fokken plafon hê?” – Michelangelo

- “Hoekom? Want dis fokken daar” – Edmund Hillary
- “OK, vat die fokken kar” – Tydens ’n hijack
- “Verspreide buie my fokken gat” – Noag
- “Is jy seker die fokken kondome is orraait?” – Zuma
- “Die fokken perd is befok, man!” – Eugene Terre’Blanche
- “Jy’s seker nie fokken ernstig nie” – Goliat
- “Die fokken berg het al baie so gemaak” – Pompeii
- “Wat die fok was dit?” – Hirosjima
- “Watter fokken helikopter?” – Joe Modise
- “Ek’s fokken jammer” – Tyson
- “Dis nie my fokken handskoen nie” – OJ Simpson
- “Watse fokken orgaan?” – Chris Barnard
- “Tiek! Plons! Fok!” – Gary Player
- “Watse fokken blou vlag is dit?” – Jacques Villeneuve
- “Dis nie fokken tamatiesous nie” – Gorbatsjof
- “Ag, die fokken ou slootjie” – Evel Knievel
- “Ek kom fokken terug” – Schwarzenegger
- “Nie geroer nie, fok, geskud!” – Roger Moore
- “Maak my fokken dag!” – Clint Eastwood
- “Het iemand ’n fokken lighter?” – Laaste oomblikke op die Hindenburg
- “Watse fokken grimering?” – Nataniël
- “Watse fokken nosejob?” – Barbara Streisand
- “Pasop die fokken pilaa....” – Dodi Al-Fayed en prinses Diana

Fokken oulik, is dit nie?

## Eindnotas

<sup>1</sup> Ek gebruik *vloekwoord* hier as ’n hiperoniem om ander verskynsels en/of sinonieme in te sluit, waaronder *swets*, *skel*, (*gods*)*laster*, *haatspraak*, *belediging*, *vulgariteit*, *vuil taal* en *taboetaal*. Met betrekking tot laasgenoemde sou daar motiverings vir twee skryfwyses kon wees, naamlik *taboe taal* (“taal wat taboe is”) en *taboetaal* (“taal wat ’n taboe is”); ek kies laasgenoemde ter wille van eenvormigheid met *taboewaarde* (“waarde van die taboe”).

<sup>2</sup> Feinauer (1981) spel dit *fokof*. In hierdie artikel word genormaliseerde spellings (soos *fokkol* in plaas van *fokol*; *fokkop* in plaas van *fokop*, ens.) deurgaans gebruik, behalwe waar dit ter wille van die argument anders gedoen word (byvoorbeeld *fokken* vs. *fokkieng*).

<sup>3</sup> Dit is enigszins vreemd dat daar so ’n groot verskil tussen hierdie twee studies se erkenning van *fok* is. Beide studies is uitgevoer onder leiding van Johan Combrink aan die Universiteit Stellenbosch – skaars twee jaar uitmekaar. Hoewel daar geen eksplisiete aanduiding in die proefskrif is nie, is Calitz (1979) se fokus tog minder op wat hy krag-, skatologiese en obscene woorde noem (1979:7, 95). ’n Ander moontlikheid is dat Calitz miskien ouer was en nog nie so blootgestel was aan die opkomende vloekwoord *fok* soos Feinauer nie. Nog ’n ander moontlikheid is dat Calitz *fok* as ’n anglisisme beskou het en daarom nie verder aandag daaraan in sy proefskrif gegee het nie.

<sup>4</sup> In navolging van die gevestigde Afrikaanse tradisie word *adjektief* bo *byvoeglike naamwoord* verkies. Een van die redes is dat 'n mens dan makliker na subkategorieë soos *kleuradjektiewe*, *vergelykingsadjektiewe* en *vloekadjektiewe* (in plaas van omslagtige omskrywings soos *byvoeglike naamwoorde wat op kleur dui*) kan verwys.

<sup>5</sup> Primêr só gespel, met *fokken* as alternatief.

<sup>6</sup> Orals met slegs een *k* gespel; ek normaliseer dit verder in die teks.